# Resensies/Reviews

De Klerk, Ben J. & Janse van Rensburg, Fika. 2005. **Making a sermon: A guide for reformed exegesis and preaching applied to 1 Peter 2:11-12, 18-25.** Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
(H,J.C. (*Hennie) Pieterse*) ........................................................ 633

Niemand, N., *samest.* 2004. **Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike riglyne en funksionele besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2004.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(A. le R. (*Dries) du Plooy*) ........................................................ 635

De Boer, Erik A. & D'Assonville jr., Victor E. 2004. **Ad Fontes: Teologiese, historiese en wetenskaps-filosofiese studies binne Reformatoriese kader. Festschrift vir Ludi F. Schulze.** Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
(C.F.C. (*Callie) Coetzee*) ........................................................ 637

Odendaal, A. 2005. **Luister na die Gees: die Heilige Gees in die Evangelies en Handelinge.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(F.P. (*Francois) Viljoen*) ........................................................ 639

# Resensies/Reviews

**De Klerk, Ben J. & Janse van Rensburg, Fika.** 2005.
**Making a sermon: A guide for reformed exegesis and preaching applied to 1 Peter 2:11-12, 18-25.**
Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
145 p. Prys: R92,00. ISBN: 0-620-3429109.

**Reviewer :** H.J.C. (Hennie) Pieterse
(Practical Theology, University of Pretoria)

A definite need exists for a basic book on Biblical preaching to be used by students and ministers today. Excellent books in the category of a guide for the basic study of exegesis and preaching are unfortunately out of print, for example H. Grady Davis. *Design for preaching* (Philadelphia: Fortress Press, 1958); James W. Cox. *A guide to Biblical preaching* (Nashville: Abingdon, 1976); Leander E. Keck. *The Bible in the pulpit* (Nashville: Abingdon, 1978). A good book on Reformed exegesis and preaching in Afrikaans – but unfortunately not accessible to English readers – is also out of print: Jonker, W.D. *Die Woord as opdrag* (Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1976).

Fortunately, however, a brand new book is available with the latest insights in Reformed exegesis, hermeneutics and homiletics. *Making a sermon …* takes as point of departure the Reformed confession based on the Bible and the authority of the Bible – thus acknowledging that the volume of books included in the Bible are canonical and therefore authoritative for the whole of our lives, especially for our relationship with God, our neighbours and creation. This fundamental point of departure, so important in the process of preaching is, however, not applied fundamentalistically. This publication incorporates and underscores the confession of the Bible's authority carefully, humbly and within the sphere of prayer and the work of the Holy Spirit.

*Making a sermon …* has a didactic aim. The clear steps indicated in making a sermon are not intended to be understood as the only valid way. These steps rather intend helping students to master a single method. Taking this method as basis students and preachers can eventually develop their own method (as a hybrid) in constructing their sermons. The book presents 27 steps for the entire process of exegesis and making a sermon – starting from the initial prayer for the guidance and reminding work of the Holy Spirit to the eventual writing and delivering of the sermon. The steps indicated consist of the following:

1. Prayer for the guidance and reminding work of the Holy Spirit.
2. Deciding on a pericope for exegesis and preaching.
3. The place of the pericope within the framework of the book itself, and within the Bible as a whole.
4. The genre of the pericope and of the particular Bible book.
5. Determining the Greek text of the pericope (1 Pet. 2:11-12, 18-25 is utilised as means of application).
6. Analysing the thought structure of the specific pericope.
7. Translating the pericope.
8. Determining the key verse(s).
9. Determining the socio-historic context of the pericope.
10. Word study of important concepts in the key verse.
11. The revelation-historical place and meaning of the pericope.
12. The revelation about God in the pericope.
13. The facts of salvation in the pericope, and the exhortations based on these.
14. The communicational goal of the pericope.
15. Consulting exegetical sources.
16. One’s own applicable socio-historic context.
17. One’s actions towards doing what God wants.
18. A preaching theme and subheadings for the pericope.
19. Reflection and revision of Steps 1, 4, 6, and 12-14.
20. A preaching scheme for the pericope.
21. Writing the sermon.
22. The introduction and conclusion of a sermon.

23. Consulting homiletic sources.
24. Optimising creativity in preaching.
25. Optimising variation in the sermon.
26. From writing to delivering.
27. Delivering the sermon.

*Making a sermon …* is a much needed book today. With present-day relativistic and fundamentalistic ideas about preaching floating around, and readily available on the internet, it is imperative for students and preachers in the Reformed tradition, as well as for all preachers who want to preach according to the spirit of the Bible to read this book. The great profit of the book is the integrated manner in which the application of the disciplines of Exegesis, Hermeneutics and Homiletics feature in this single publication. The book is also presented in very practical way. Each step is thoroughly grounded and supported by practical examples – a feature that makes the book extremely helpful for a student in his/her first encounter with the task of making a sermon, as well as for trained preachers in the ministry.

For theological students and ministers in the practice of the ministry this book is a must. The Afrikaans version of this publication, *Preekgeboorte …*, is also available at the same publisher.

**Niemand, N., *samest.*** 2004. **Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike riglyne en funksionele besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2004**. Wellington: Lux Verbi.BM. 122 p. Prys: R52,95. ISBN: 0 79630 277 4.

**Resensent:** A. le R. (Dries) du Plooy
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie publikasie gee die leser 'n deeglike insig in die wyse waarvolgens die N.G. Kerk in Suid-Afrika regeer word. Hierdie werk is eerstens bedoel vir gebruik deur die gemeentes, meerdere vergaderings en kommissies van die N.G. Kerk.

Binne die raamwerk van die kerkregtelike en kerkordelike denke van die N.G. Kerk is dit ’n dokument wat die indruk van deeglikheid en volledigheid maak. Dit is duidelik dat toegesien is dat die jongste en relevantste inligting daarin vervat moet wees, sodat die hele kerkverband in al sy geledinge en funksies op hoogte kan wees van die jongste redaksie van die Kerkorde met al die geldige besluite daarby.

Die styl wat gevolg is, naamlik om by die betrokke artikels van die Kerkorde die verduidelikende en tersaaklike besluite van Sinodes te voeg, vergemaklik die bedoeling en toepassing van die betrokke artikels.

Dit is verder ook duidelik dat die relevante artikels van die Grondwet van die RSA wat op die bestaan en regte van kerke van toepassing is, in die Kerkorde en besluite verreken is.

Wanneer ’n dokument soos hierdie geresenseer moet word, is dit myns insiens belangrik om in gedagte te hou dat onderskei moet word tussen twee fasette:

- die kerkregtelike/kerkordelike raamwerk of teologiese tradisie waarin die Kerkorde gefundeer word; en
- die konsekwente en stylvolle wyse waarvolgens aan hierdie tradisie struktuur gegee word in die dokument waarin die Kerkorde met die daarby behorende bepalings opgeneem is.

As resensent van die publikasie weerhou ek my daarvan om in detail krities te fokus op die eerste aspek, naamlik op die kerkregtelike tradisie en Kerkorde-artikels van die N.G. Kerk.

Vanuit die perspektief van die skrywer van hierdie resensie volstaan ek ten opsigte hiervan by enkele opmerkings:

- In die algemeen sal lesers wat met die Gereformeerde kerkreg vertroud is, merk dat daar ten opsigte van veral die kerkbegrip, ampsbegrip en die inrigting van die kerklike struktuur, verskille is met ander kerke in die gereformeerde tradisie.
- Behalwe hierdie meer prinsipiële saak, laat blyk die inhoud van die publikasie uiteraard die kontinuïteit met die verlede van die N.G. Kerk.

Die gesprek in die Tussenkerklike Raad oor hierdie en ander aspekte is reeds dekades aan die gang en ’n dokument soos hierdie

sal kan meehelp dat die gesprek daaroor in die toekoms sinvol voortgesit kan word.

Ten opsigte van die tweede aspek, naamlik die wyse waarop die kerklike struktuur en alle aangeleentheide ten opsigte van die regering en versorging van die kerk uiteengesit en gedokumenteer is, kan verklaar word dat hierdie publikasie voortreflik is.

Die publikasie is netjies en stylvol versorg en maak 'n lesers-vriendelike indruk.

Elkeen wat belangstel in die binnewerkinge van die N.G. Kerk, en die wyse waarop die N.G. Kerk na binne en buite werksaam wil wees, sal die publikasie besonder insiggewend vind.

**De Boer, Erik A. & D'Assonville jr., Victor E.** 2004. **Ad Fontes: Teologiese, historiese en wetenskaps-filosofiese studies binne Reformatoriese kader. Festschrift vir Ludi F. Schulze.** Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Acta Theologica 2004. Supplementum 5.) 365 p. ISBN: 0-86886-687-3.

**Resensent:** C.F.C. (Callie) Coetzee
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit))

Hierdie besondere publikasie is aangebied – soos die subtitel ook aandui – as "Festschrift vir Ludi F. Schulze", emeritus-professor in Dogmatiek aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Fakulteit Teologie van die eertydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Een van die redakteurs, dr. Victor d'Assonville, jr. skryf in 'n woord vooraf oor die titel van die publikasie en die verband daarmee met prof. Schulze die volgende:

> Ad fontes is ook die slagspreuk waarmee Ludolf Ferdinand Schulze sy wetenskaplike werk op die hoogste internasionale vlak as teoloog en tog as kinderlike Christusgelowige verrig het. Met die ononderhandelbare eis in die teologie om altyd met die primêre bronne te werk het hy die genade ontvang in sy roeping – gawe en opgawe – om terselfdertyd altyd die Woord te bedien.

Schulze word veral gehuldig vir sy bydrae op die gebied van Calvynnavorsing, soos die ander redakteur, dr. Erik de Boer, ook in een van sy bydraes aantoon. Die inisiatief vir hierdie publikasie het uitgegaan van die Nasionale en Internasionale Calvynnavorsingskomitees. Heel gepas is die eerste oorhandiging aan prof. Schulze gedoen tydens die sewende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres te Stellenbosch, September 2004. ’n Tweede oorhandigingsgeleentheid was te Potchefstroom gedurende 2005.

’n Hele aantal artikels, geskryf deur internasionaal erkende Calvynnavorsers soos prof. W. Neuser, dr. Victor d’Assonville, jr, dr. Erik de Boer en andere, fokus op die teologie van Calvyn of dogmahistoriese ontwikkelinge gedurende die sestiende eeu. Sodoende lewer die publikasie ’n besondere bydrae tot die steeds voortgaande Calvynnavorsing en as sodanig ook tot die gereformeerde teologie. In hierdie opsig kan onder andere gedink word aan die bydrae van M. Beintker: “Reformierte Dogmatik zwischen Konfessioneller Bindung und der Verpflichtung zu weiterführender (auch konfessionsübergreifender) Theoriebildung”, asook die artikel van W. Neuser: “Calvin’s theologisches Leitmotiv ‘Cognitio Dei et nostri’ in der Institutio von 1536”.

Die publikasie is verder tydig en aktueel deurdat ’n hele aantal onderwerpe aan die orde gestel word wat tans in die middelpunt van die teologiese diskussie staan, byvoorbeeld die Godheid van Christus (L. Floor), Christus in die Ou Testament (A. Bogaards), liturgiese vernuwing (B. Spoelstra), skepping en evolusie (P.H. Stoker), fundamentalisme (G.J.C. Jordaan), ensovoorts.

Sommige van die artikels is van besondere belang en waarde vir die beoordeling en uitbouing van die gereformeerde teologie in Suid-Afrika. In hierdie opsig kan onder andere verwys word na die bydrae van V.E. d’Assonville, sr, “Drie geslagte Du Toit-Bybelvertalers; R.M. Britz, “Teologiese aantekeninge by die jubileum van ‘Ons Theologische Seminarium’ op Stellenbosch” en B. Spoelstra, “Het die Reformasie die verband tussen leer en liturgie verloor?”

Die publikasie sal ongetwyfeld vanweë die wye verskeidenheid ander onderwerpe en die groot aantal artikels in Engels, Duits en Frans, internasionaal ’n welkome adres vind, veral by teoloë, alhoewel die meeste artikels ook vir die gewone leser verstaanbaar behoort te wees.

Behalwe die artikels waarna reeds verwys is, word prikkelende en insiggewende bydraes gelewer oor die “Genevan Consensus on

Divine Election in 1551" (E.A. de Boer), 'n besonder perspektief op die optrede van Calvyn tydens die verhoor en teregstelling van Servet (V.E. d'Assonville, jr), Calvyn se "Subita Conversio" (H.B. Lee), Calvyn se filosofie van taal (N.T. van der Merwe, wat oorlede is voordat die publikasie verskyn het, maar wie se bydrae gelukkig tot so 'n mate afgerond was dat dit met geringe redigering geplaas kon word), Bucer se antwoord aan Pighius oor die kwessie van die sekerheid van die geloof (W. van't Spijker), 'n vrye of meer oop siening van die "eucharistischer Gastfreundschaft" (H.H. Eber), die openbaringsleer van Schilder (A.L.A. Buys en S.A. Strauss), en 'n bydrae in Frans oor die terugkeer van die Gnostisisme deur E. Kayayan. Soos die subtitel van hierdie publikasie aandui, is hierdie boek 'n waardevolle publikasie oor 'n wye verskeidenheid teologiese, historiese en wetenskapsfilosofiese onderwerpe.

Hierdie publikasie het verskyn as Supplementum 5 van *Acta Theologica*, tydskrif van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Dit is keurig en stewig gebind met 'n baie gepaste voorblad, wat foto's insluit van die destydse en huidige geboue van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke, die Alma Mater van prof. Schulze, as student en dosent.

Die publikasie laat volledig reg geskied aan die dankbare huldiging van 'n begenadigde teoloog. Dit word van harte aanbeveel.

**Odendaal, A.** 2005. **Luister na die Gees: die Heilige Gees in die Evangelies en Handelinge.** (Bybelkor Bybelstudies.) Wellington: Lux Verbi.BM. 255 p. Prys: R79,95. ISBN: 0 86487 446 4.

**Resensent:** F.P. (Francois) Viljoen
(Skool vir Bybelwetenskappe & Bybeltale, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Kort voor sy dood het dr. Andries Odendaal die manuskrip van hierdie boek – *Luister na die Gees* – voltooi. In die gebruiklike styl van Bybelkor-Bybelstudies verduidelik dr. Odendaal die Persoon en werk van die Heilige Gees soos beskryf in die Evangelies en Handelinge.

Om die meeste waarde uit die boek te put moet dit gebruik word soos wat dit bedoel is – as 'n Bybelstudiegids. Skrifverwysings moet

nageslaan word en vrae moet beantwoord word. Ook moet oor nuwe insigte opnuut nagedink word en daar moet biddend geantwoord word op die appèl wat elke tema op die leser maak. Die gids is baie geskik vir persoonlike Bybelstudie, maar kan veral ook goed gebruik word vir groepsbybelstudie. Binne die opset van 'n gemeente kan dit baie verrykend wees indien die boek in groepsbybelstudie behandel word en 'n voorganger (predikant) sommige van die temas wat aangesny word, as preekreeks in die erediens behandel.

Inligting wat die vier Evangelies en Handelinge oor die Heilige Gees bied, word kronologies en sinopties in 23 opeenvolgende temastudies aangebied. Die basiese boodskap oor die Heilige Gees soos dit uit die Bybelgedeeltes spreek, word telkens eenvoudig en bevatlik verduidelik met 'n sterk appèl wat van toepassing gemaak word op die geloofslewe van die leser.

Inligting wat die onderskeie Evangelies oor die Heilige Gees bied, word egter saamgestel sonder om enigsins onderskeidend te let op die eiesoortige beklemtonings van elk van die Evangeliste. Vraagstukke wat op wetenskaplike vlak gewoonlik by 'n vergelykende studie van 'n bepaalde tema uit die Evangelies aan die orde kom, word nie hanteer nie. 'n Leser moet nie in die boek antwoorde gaan soek op sinoptiese vraagstukke wat tipies in die historiese kritiek of die bronne-, vorm-, redaksie- of tradisie-kritiek aan die orde kom nie. Die boek is immers nie op hierdie vakwetenskaplike lesersmark gerig nie.

Tog is daar kwelvrae oor die Heilige Gees wat in baie gelowiges se harte leef, al gaan hulle nie op 'n vakwetenskaplike vlak met die tekste om nie. Talle van hierdie vrae hanteer dr. Odendaal op 'n bevatlike manier, byvoorbeeld die verhouding tussen die Heilige Gees en gebed (p. 47 e.v.) en die tekens tydens Pinkster (p. 192 e.v.). Aan die ander kant speel hy sonder veel verduideliking – en myns insiens onbevredigend – te gou klaar met sekere kwelvrae soos die onderskeid tussen "sonde teen of lastering van die Heilige Gees" en "om die Heilige Gees te bedroef", of die sogenaamde vraagstuk van 'n tweede doop met die Heilige Gees, veral in verband met die Samaritane wat die Heilige Gees ontvang.

As Bybelstudiegids is dit baie insiggewend en nuttig dat die skrywer, waar toepaslik, die Belydenisskrifte (veral die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis) se besprekings van die Heilige Gees by sy temas inwerk.

Van die staanspoor af is dit duidelik dat hierdie manuskrip gebore is uit ’n bewoë gevoel vir die noodsaaklikheid van sending. Dit kan ook nie anders nie. Die skrywer was vir baie lank regstreeks by sendingwerk betrokke, onder andere as dosent aan en rektor van die Teologiese Skool op Witsieshoek en projek-koördineerder van die Bybelvertaling in Sotho. Daar is egter ook ’n dieperliggende rede. Dit is tog die Heilige Gees wat gelowiges dring en die krag en vrymoedigheid gee om van die Here Jesus Christus te getuig. Dit val wel op dat die skrywer nog grootliks werk met die skema van sending as ’n evangeliserende taak van wit mense vir swartes: “Sendingwerk is vir sommige mense nog ’n probleem. Om die evangelie te verkondig aan mense wat nie van dieselfde taal of kleur is nie ...” (p. 234). Meer resente en baie brandende vraagstukke oor sending kom egter nie aan die orde nie, byvoorbeeld die kwessie dat Christen-sendelinge deur sommige mense as godsdienstige imperialiste beskou word.

Afgesien van enkele punte van kritiek, oortref die positiewe bydrae van hierdie boek die negatiewe by verre. Ek het hoë waardering vir die boek en beveel *Luister na die Gees* van harte aan vir enige persoon of groep wat op soek is na dieper insig na die Persoon en werk van die Heilige Gees. Die styl is maklik en toeganklik vir elke gelowige. Hierdie boek sal nie net die leser se insig verdiep nie, maar behoort ook sy/haar lewenstyl te verryk. Dr. Odendaal het in hierdie publikasie ’n kosbare skat vir ons nagelaat.